KENNISGEWING INSAKE WATERBEPERKINGS EN DIE IMPLEMENTERING VAN VERMINDERDE WATERTARIEWE

Alhoewel die vlak van die Voëlvleidam in vergelyking met Augustus verlede jaar 'n wesenlike verbetering getoon het, het die Raad van Munisipaliteit Swartland op 7 September 2018 besluit om met die Vlak 6-waterbeperkings, wat sedert 1 Februarie 2018 geld, te volstaan totdat die Departement van Waterwese bevestig dat die maatreëls verslap mag word. Ingevolge lg. se instruksie, moet daar steeds stappe gedoen word om 'n 45% besparing in huishoudelike waterverbruik te bereik, en 'n 60% besparing ten opsigte van landelike verbruik.

VERMINDERDE WATERTARIEWE

In 'n poging om vir sy verbruikers finansiële verligting teweeg te bring, het die Raad goedkeuring verleen vir die implementering van verminderde watertariewe met ingang vanaf 1 September 2018. Gemelde tariewe sal gehef word met effek vanaf die diensterekening wat gedurende September 2018 vir betaling teen 30 September 2018 gelewer sal word, en is dus van toepassing op terugwerkende verbruik.

Die nuwe water-glyskaaltariewe, BTW uitgesluit, beloop die volgende:

	Tarief per eenheid (kl)
0 - 4 kl	R 6.06
5 - 10 kl	R 10.40
11 - 15 kl	R 18.98
16 - 20 kl	R 19.63
21 - 25 kl	R 35.67
26 - 50 kl	R 74.33
51 kl & meer	R 102.58

Die tariewe van toepassing op besighede (R25,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter van verbruik) en op skole, regeringsinstellings en sportklubs (R30,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter van verbruik) bly onveranderd.

BASIESE WATERHEFFING

Die R99,00-heffing (BTW ingesluit) wat op die waterrekening verskyn, is 'n basiese fooi wat vanaf 1 Julie 2018 van alle verbruikers verhaal word en het ten doel om die Munisipaliteit in staat te stel om sy waterbronne, waternetwerke en grootmaat waterdienste-infrastruktuur volhoubaar te onderhou en uit te brei. Hierdie fooi geld nou addisioneel tot die water-glyskaaltariewe wat verhaal word om die Munisipaliteit se operasionele kostes te dek, soos bv die kostes vir die aankoop van water.

Die Munisipaliteit het water vir etlike jare teen 'n begrote tekort verkoop aan die publiek. Die droogtetoestande en hoër tarief waarteen die Munisipaliteit self vanaf 1 Julie 2018 water aankoop, het die implementering van die heffing genoodsaak. Plaaslike owerhede soos Stad Kaapstad, Mosselbaai, Overstrand en Saldanhabaai verhaal die heffing al vir etlike jare, en hul heffings beloop veel meer as die Munisipaliteit se heffing van R99,00. Swartland Munisipaliteit kon die heffing tot dusver nie implementeer nie, aangesien hy gratis water aan alle kliënte gegee het, wat oor 'n paar jaar eers uitfaseer moes word.

Die veranderde heffing is gedurende April 2018 as deel van die Munisipaliteit se konsepbegroting (wat tariewe insluit) vir publieke kommentaar geadverteer in die plaaslike media en was die begrotingsdokumente by munispale kantore, biblioteke, op die webtuiste asook op die sosiale media geplaas vanaf 29 Maart tot en met 3 Mei 2018, om te voldoen aan wetlike vereistes. Geen besware is ontvang nie, en die begroting is gevolglik teen einde Mei finaal goedgekeur vir implementering vanaf 1 Julie 2018.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE VERBRUIKERS

- Alle waterverbruikers moet **nie meer as 50 liter** munisipale drinkwater per persoon per dag gebruik nie, ongeag of u by die huis, by die werk of elders is.
- Besproeiing/natlei met munisipale drinkwater word verbied. Dit sluit in die natmaak van blombeddings, grasperke, groentetuine, landbougewasse, sportgronde, gholfbane, skole, onderwysinstellings, kwekerye, parke en ander openbare oop ruimtes. Kwekerye en kliënte gemoeid met landbou-aktiwiteite of historiese tuine mag aansoek doen om vrystelling.
- Alle eiendomme waarop gebruik gemaak word van alternatiewe, nie-drinkbare waterbronne (bv. opgevangde reënwater, gryswater vir hergebruik, behandelde rioolwater, fonteine, syfer- en boorgatwater) moet toepaslike kennisgewings aanbring wat duidelik sigbaar is vanaf 'n publieke deurgang. Gebruikers van hierdie bronne mag slegs natlei/besproei voor 08:00 en na 18:00 vir 'n maksimum van een uur per dag, maar word ten sterkste aangemoedig om nie enige areas nat te lei binne sewe dae na reënval met genoegsame deurdrenking nie.
- Waar boorgatwater as 'n ander bron van water aangedui word, moet eienaars gemelde boorgate asook die leweringsvermoë daarvan, indien bekend, by die Munisipaliteit aanmeld.
- Die gebruik van munisipale drinkwater om harde oppervlaktes, mure, dakke of geplaveide areas af te spuit, word verbied. Gebruikers, soos abattoirs, voedselvervaardigingsindustrieë, sorgfasiliteite, diereskuilings en ander industrieë of fasiliteite met spesiale behoeftes mag aansoek doen om vrystelling.
- Die opvul of volmaak (hetsy met die hand of outomaties) van swembaddens met munisipale drinkwater, selfs al is dit met 'n seilbedekking toegerus, word verbied. Dit sluit die volmaak van nuwe swembaddens of die hervul van 'n bestaande swembad na herstelwerk in. Dit is van toepassing op alle swembaddens, ingesluit swembaddens by klubs, besighede en instellings.
- Die gebruik van munisipale drinkwater vir die afkoeling van enige dakoppervlakte, word verbied.
- Die gebruik van munisipale drinkwater vir ornamentele fonteine en waterfokuspunte word verbied.
- Verbruikers word aangemoedig om toilette (met die hand deur gebruik te maak van 'n emmer) te spoel met gryswater, reënwater of ander nie-drinkbare water.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE RESIDENSIëLE VERBRUIKERS

- Enkelresidensiële eiendomme (huishoudelike verbruikers) wat meer as 20 000 liter munisipale drinkwater per maand gebruik, sal beboet word. Sien NOTAS hieronder vir toepaslike boete.
- Klusterontwikkelings (bv. woonstelle en behuisingskomplekse) wat gemiddeld meer as 20 000 liter munisipale drinkwater per residensiële eenheid per maand gebruik, sal beboet word.
- Die was en afspoel van voertuie, sleepwaens, karavane en bote met munisipale drinkwater word verbied. Nie-munisipale drinkwater of waterlose middels of droogskoonmaakprosesse moet gebruik word vir die was hiervan.
- Die gebruik van skuifbare speelswembaddens ('portable pools'), ingesluit glip & gly ('slip & slide') opblaasbare toerusting word verbied.
- Kliënte word ten sterkste aangemoedig om waterdoeltreffende onderdele, toebehore en tegnologie te installeer om waterverbruik by krane, stortkoppe en ander loodgieterskomponente te beperk.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP NIE-RESIDENSIëLE VERBRUIKERS

- Die gebruik van munisipale drinkwater vir landboudoeleindes, bv. om gewasse te besproei of as drinkwater vir lewendehawe, word verbied. Alle landbougebruikers moet toesien dat hulle maandelikse verbruik van munisipale drinkwater vir huishoudelike doeleindes met 45% afneem teenoor die vorige jaar se verbruik.
- Die was en afspoel van voertuie (ingesluit taxi's), sleepwaens, karavane of bote met munisipale drinkwater word verbied. Voertuie, sleepwaens, karavane en bote moet met nie-drinkwater water of waterlose produkte of droogskoonmaakprosesse gewas word. Dit is van toepassing op sowel formele as informele karwasserye.
- Die gebruik van pasgemaakte bedekkings vir publieke swembaddens word sterk aangemoedig, indien prakties moontlik.
- Outomatiese opvulsisteme vir swembaddens word verbied.
- Die bedryf van waterspeelpoele ('spray parks') word verbied.
- Kliënte/fasiliteite moet waterdoeltreffende onderdele, toebehore en tegnologie installeer om waterverbruik by alle krane, stortkoppe en ander loodgieterskomponente in publieke plekke te beperk.
- Gholfbane, sportfasiliteite, parke, skole en opvoedkundige instellings mag nie nuwe tuine uitlê (landskapering doen) of sportvelde aanlê nie, behalwe indien dit slegs met nie-drinkbare water besproei word.
- Ten aansien van verbruikers wat van water voorsien word in terme van 'n spesiale ooreenkoms (bv. notariële aktes of waterdiensverskaffers) sal die kontrakvoorwaardes geld.

NOTAS:

(1) Versuim om enige van die bogemelde beperkings na te kom, behels 'n misdryf ingevolge die Munisipaliteit se Verordening insake Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Industriële Afvloei, 2014. Die beskuldigde is stafbaar met 'n boete ter erkenning van skuld van R2 000,00 en/of, ooreenkomstig artikel 69(3), die installering van 'n enige beperkende meganisme (wat daaglike waterverbruik reguleer) op persele waar die nie-nakoming plaasvind. Die kostes daarvan sal teen die relevante rekeninghouer se rekening gehef word. Kliënte met 'n goeie rede vir hoër waterverbruik moet voldoende motivering aan die Munisipaliteit voorsien om hulle hoër waterverbruik te regverdig.

(2) Alle vrystellings wat onder die Vlak 5- en Vlak 6-beperkings uitgereik is, bly geldig.

(3) Waterdruk en vloeitempo mag verlaag word benede die toepaslike wetgewing of standaardvereistes om lekkasies te beperk, wat onderbrekings/skommelings in die watertoevoer tot gevolg kan hê.

MUNISIPALE SWEMBADDENS

Die munisipale swembaddens sal ingevolge besluit van die Raad op 1 Oktober 2018 heropen vir die publiek.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER **September 2018**

- Vir 'n samevatting van Swartland se rampplan vir kritieke watertekorte, sowel as die jongste nuus en dokumente oor die waterkrisis, raadpleeg on spesiale waterwebblad (http://water.swartland.org.za/) of besoek ons Facebook-blad (www.facebook.com/swartlandmunicipality).
- Rapporteer vermorsing by 022 487 9400 of 022 487 9411 of e-pos ons by swartlandmun@swartland.org.za.
- Om boorgate aan te meld, kontak 022 487 9400 (Esmari Steenkamp).